

Eenheidsgedagte in kerk nie politiek

M. SMIT, Alk van Zyllaan, Panorama, skryf:

Ek verwys na die lesing van prof. Willie Jonker soos in Die Burger van 13 Augustus gerapporteer.

Soos ek sy lesing verstaan, betoog hy dat die NG Kerk net aan die vereistes van die Nuwe Testament kan voldoen as ons saam met die NGK-familie een word.

Omdat die professor hom so half in die derde persoon uitspreek, lyk dit vir my redelik om te aanvaar dat hy dit aan die leser oorlaat om te besluit na wie hy verwys en wie hy in sy betoog aanspreek bv.: Ons sal die Nuwe Testament verkeerd verstaan...

Ek wil die professor net vra hoekom hy dan so lank gewag het voordat hy die lig opgesteek het? Ek dink daar is baie wat met my saamstem dat elke bevolkingsgroep beter in sy eie kerk deur sy eie mense bedien kan word. As ek die hele Bybel in ag neem, sien ek niks onbybels daarin nie en glo ek ook dat baie mense met my sal saamstem.

Dit lyk dus vir my of die professor se tydsberekening van sy betoog belangriker is

as sy bekommernis dat ons die Nuwe Testament verkeerd verstaan het.

Volgens my waarneming het die uitleg van die Bybel en die prediking in baie gevalle saam net die hervorming in die land verander.

Ek dink baie lesers is al dik vir die geestelikes wat in die nuusmedia met bloedbaddens en sanksies paradeer – hulle vorm mos ook deel van die wêreld-Christendom.

GEWELD

Ek begryp saam met die professor dat die hele Christendom teen ons is, net ons redes verskil hemselsbreed van mekaar.

Die enigste kerk in die geskiedenis waarvan ek weet wat eenheid vir 'n lang tyd kon handhaaf, het dit met geweld gedoen. Die mense wat hierdie kerk se leer nie wou aanvaar nie, moes stilletjies hul godsdienste in die bos en geheime skuilplekke gaan beoefen. Hulle is as kettters gebrandmerk en is in baie gevalle wreedaardig doodgemaak. Party wat gevang is, kon bieg, dan is hul lewegered. Dit lyk vir my of dié wat gebieg het meer skade aan die kettters se saak gedoen het as die vervolgers self.

Nadat die kerk sy eenheid begin verloor het, is meer kerke gestig, wat nou onrusbarend afmetings aanneem.

Die Bybelse uitsprake van baie van hierdie kerke is vreemd aan my en vind ek dit moeilik om met die

Bybel te vereenselwig. Die enigste samehorigheid wat hulle het, is om hulle so skerp as moontlik teen die bestel wat ons het, uit te spreek.

Dit lyk of daar 'n nuwe filosofie besig is om te ontwikkel wat mense so onop-sigtelik meesleur dat baie min hulle daaraan steur. Die manier van doen lyk vir my te wees om wat die Bybel eintlik beoog, so aan te pas dat daar meer ruimte

dienstigheid voortkom. *Mnr. Smit kan homself maklik daarvan vergewis dat ek nou 'n kwarteeu lank op teologiese gronde dieselfde standpunte verdedig.*

Ek glo dat ek daarmee aan die Bybel en die gereformeerde belydenis aangaande die kerk getrou is. Ek sal graag van mnr. Smit wil verneem waar die Bybel iets anders leer, soos bv. dat daar meer as een Christelike kerk moet wees of dat elke volk sy eie aparte kerk moet hê.


Klaarblyklik sluit die eenheid van die kerk soos ek dit bely en verdedig nie uit dat lidmate in hul eie taal en kulturele konteks bedien word en God aanbid nie.

KONTROLE

Wêl gaan dit om die eenheid van geloof, hoop en liefde; die eenheid van gemeenskap en diens; en die eenheid van organisatoriese strukture wat hierdie soort eenheid kan dien, beskerm en bevorder, bv. deur gemeenskaplike beraadslaging, besluitneming en wedyrydse kontrole.

Dit is die doel van die gereformeerde kerkverband wat uitnemend geskik is om aan die eenheid van die kerk strukturele uitdrukking te gee, sonder om die verskeidenheid in die kerk dood te druk of plaaslike behoeftes te misken.

Die gereformeerde opvatting van die kerk het niks met politieke dienstigheid te make nie.



vir menslike denke en strewes geskep word.

Die betoog van prof. Jonker en dié wat saamstem gaan ons kerk op 'n glybaan plaas wat die bestaande brose struktuur kan vernietig sonder om 'n beter struktuur in te stel.

KOMMENTAAR

W.D. JONKER, Dekaan, Teologiese Fakulteit, Universiteit van Stellenbosch, antwoord:

Ek maak beswaar teen die insinuasie dat my opvatting oor die eenheid van die kerk uit politieke